Wyn en Landbou Etiese Handel Vereniging

ONS ETIESE BEGINSELS

Ons maatskappy stem in om die beginsels van die WIETA Etiese Kode te respekteer en te handhaaf.

BESTUURSTELSELS EN ETIESE KODE-IMPLEMENTERING

Ons verseker dat die besigheid op ’n etiese wyse bestuur word en het ’n etiese kode aangeneem wat ons werks- en leeftoestande reguleer.

GEEN KINDERARBEID NIE EN BESKERMING VIR JONG WERKERS

Ons neem nie enige kinders onder 15 jaar in diens nie en in gevalle waar jong werkers in diens geneem word, verseker ons dat ons die vereistes van die wet nakom.

GEEN GEDWONGE, GEBONDE, TRONK- EN INGEBOEKTE ARBEID OF MODERNE SLAWERNY

Ons gebruik en ondersteun nie gedwonge, gebonde, tronk- of ingeboekte arbeid nie.

’N VEILIGE EN GESONDE WERKSOMGEWING

Ons verskaf ’n veilige en gesonde werksomgewing vir ons werknemers.

VRYHEID VAN ASSOSIASIE EN DIE REG OM KOLLEKTIEF TE BEDING

Ons respekteer ons werknemers se regte om by vakbonde of organisasies van hul eie keuse aan te sluit of te stig, en om kollektief te beding.

GEEN ONBILLIKE DISKRIMINASIE NIE

Ons diskrimineer nie teen enige werknemer nie, insluitend geen gevalle van seksuele of rasseteistering nie, en bied gelyke geleenthede vir almal.

BILLIKE BEHANDELING

Ons streef daarna om ons werknemers billike lone te betaal, wat nie minder as die Nasionale Minimum Loon is nie.

BILLIKE WERKSURE

Ons verseker dat werknemers billike werksure werk en dat ons voldoen aan die vereistes van die wet met betrekking tot werksure.

BILLIKE VERGOEDING EN VOLHOUBARE INKOMSTE

Ons behandel al ons werknemers met menswaardigheid en respek, en gebruik billike dissiplinêre prosedures. Werkers word aangemoedig om gebruik te maak van die griefprosedures en werkers wat hierdie prosedures gebruik word nie gedissiplineer, ontslaan word of teen gediskrimineer word omrede hulle van griefprosedures gebruik maak nie.

GEREELDE INDIENSNEMING WORD VERSKAF

Ons streef daarna om gereelde indiensneming te verskaf gebaseer op ’n verhouding wat kontraktueel gereguleer word. Indiensneming verskaf deur tydelike indiensnemingsdienste sal ook voldoen aan die standaarde van die etiese kode en Wet.

VOLDOENDE BEHUISINGSTOESTANDE EN SEKERHEID VAN VERBLYFREG

In gevalle waar ons verblyf op die plaas verskaf, sal werknemers en die plaaseienaar verseker dat die verblyf skoon en veilig is en minstens voldoen aan die basiese behoeftes van die okkupeerders in terme van die kode en ESTA Wet.

MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID EN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING

Ons dra positief by tot die volhoubare ontwikkeling van die gemeenskap waarin ons funksioneer.

OMGEWINGSRENT-MEESTERSKAP

Ons besigheid is verbind tot die beskerming en volhoubaarheid van die plaaslike natuurlike omgewing en om enige impak wat ons op klimaatsverandering kan hê, te versag.

Kontak die WIETA-arbeidsafdeling met enige vrae oor die WIETA-kode of indiensnemingstandaarde.

063 766 6548

WIETA-WhatsApp-lyn

T: +27 (0)21 880 0580 | **F:** +27 (0) 21 880 0576 | Eenheid 9, Cotillion Place 22, Technopark, Stellenbosch, 7600

www.wieta.org.za